# FEES VAN TABERNAKELS

**Opsomming**

**Lev. 23:34 - 43**

Eerste tabernakel was Eden, daarna Moses se tabernakel opgevolg deur Hemelse Tabernakel tot en met Open. 22 as Herstelde Eden.

Tydens die Fees van Tabernakels (Sukkot) moes die Israeliete sewe dae lank in hutte woon met die 1e dag en die 8e dag as 'n rusdag, Lev. 23:39 – 43. Ons is egter nie meer in die Levitiese Priesterskap nie, so hoe vier ons dit in die Orde van Melgisèdek waar die Torah nou geestelik is (Rom. 7:14).

Ons het die fisiese geskiedenis van die Israeliete en hulle uittog uit Egipte wat vir ons die geestelike waarheid aandui (1 Kor. 10:11). Die Beloofde Land het eintlik nog altyd die geestelike in gedagte gehad, Heb 11: 8 – 10.

In Open. 21:1 – 7 word die woord "Tabernakel" spesifiek genoem, bedink dit bietjie.

Kortliks 'n vergelykende opsomming van die fisiese met die geestelike.

| **FISIESE** | **GEESTELIKE** |
|---|---|
| Tabernakel ……………………………………………… | Menslike Liggaam |
| Eksodus uit Egipte ……………………………………. | Redding/Verlaat die wêreld |
| 40 jaar in Woestyn ……………………………………. | Ons tyd op aarde |
| Water uit die Rots ……………………………………. | Rots = Messias, Water = Afgesonderde Gees |
| Beloofde Land ………………………………………… | Nuwe Jerusalem |

Nadat ons tot redding gekom het (uit Egipte uit is) is ons lewens op aarde (in die tabernakels van ons liggame) geestelik op die Woestynreis op pad na die Beloofde Land (Hemelse Koninkryk).

In 'n woestyn is Water en Skuiling van kardinale belang.

Bome in 'n Woestyn is 'n teken van water en dis ook beskermende skuiling (dink aan die Palmtakke, ens.). Vergelyk Ex. 17:3 – 6, Num. 20:1 – 13 en 1 Kor. 10:4, kyk dan na Open. 7:9 – 17.

Waar bome is, is Lewe (Boom van die Lewe), verglyk Open. 22:14.

Bepeins Joh. 12:13 in die hele opset.

Skrifte om na te kyk:

1. Joh. 1:1, 14 (Onder ons kom tabernakel)
2. Joh. 4 (Huttefees was naby)
3. Joh. 7 (veral vers 2, 10, 14 – 18, 27 – 29, 33 – 34, 37 – 39)
4. 2 Pet. 1: 13 – 14 (Liggaam as tabernakel)

5. 2 Kor. 5: 1, 2 – 6 (Liggaam as tabernakel)
6. Ex. 17: 3 – 6, Num. 20: 1 – 13 (Water uit rots)
7. 1 Kor. 10: 4 (Water uit die Geestelike Rots: Messias)
8. Joh. 7:2, Joh. 7:37 – 39 (Strome van lewende water uit gelowiges in Messias)
9. Heb. 11: 8 – 10 (In tente/tabernakels gebly op pad na Beloofde Land)
10. Open. 7:9 – 16 (Groot menigte voor die troon vanuit die Verdrukking/Woestyn)
11. Open. 21: 1 – 7 (Elohiem kom "Tabernakel"met die mens - vir 2e en laaste maal)
12. Open. 22:1 – 14 (Nuwe begin, Mens weer in Eden, Agste dag)

Op die laaste dag, die Groot dag wat die 8e dag is, sê JaHUsha die Messias (Die Rots), dat as iemand in Hom glo lewende water uit sy binneste sal kom, Joh. 7:2, 37 – 39! Die Lewende Water is die Afgesonderde Gees.

Agt is 'n nuwe begin, so dui die 8e dag op die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde (Open. 21 en 22). Kyk hoe kom Joh. 7:37 – 39 ooreen met Open. 22:17. Let ook op na Open. 22:1 – 3, (water/bome).

Bedink die **Verheerliking op die berg**, Matt. 17 en ooreenstemmende plekke.

Hoekom vier ons dan die Fees?

- Ons vier die Fees om die Verlede te onthou, maar ook om uit te sien na die Toekomstige, terwyl die hele Wonderbare plan van die Verlossing uitgebeeld word. Ons leer ook oor die eindtyd profesie i.vm. die Koninkryk van die Hemel.

Sien ook ...

- THE FEAST OF TABERNACLES PowerPoint
- DIE GEBOORTE VAN MESSIAS TYDENS DIE LOOFHUTTEFEES
- PROFETIESE TEKENS IN DIE HEMELE TYDENS JAHUSHA SE GEBOORTE
- JAHUSHA, ONS TABERNAKEL
- FEES VAN TABERNAKELS OP DIE NUWE EN LEWENDE WEG
- DIE HEMELBROOD HET ONDER ONS KOM TABERNAKEL
- JERIGO Deel 2 Die Palmstad
- SUKKOT
- DIE VERHEERLIKTE BRUID
- THE MARRIAGE SUPPER OF THE LAMB (video)
- THE TEMPLE (Dis 'n baie kort insiggewende video)
- MET JOU BELOFTE IN DIE WOESTYN (Bemoedigend)

0-0-0-0-0

AndriYaH
September 2024